basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIOR SERTIFIKAAT/**
**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GEOG.1**

**GEOGRAFIE V1**

**NOVEMBER 2020(2)**

**PUNTE: 225**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 'n 12 bladsy-bylaag.**

# OGGENDSESSIE

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.

2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.

3. Alle diagramme is by die BYLAE ingesluit.

4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.

5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.

8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.

9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe waar jy gevra word om te noem, identifiseer of 'n lysie moet maak.

10. Dui die maateenheid of kompasrigting aan wanneer syfers of waardes in jou antwoord aangehaal word, bv. 45 m, 1 020 hPa, 14 °C en noord (N).

11. Gebruik volsinne wanneer paragraaftipe vrae beantwoord.

12. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

## VRAAG 1

1.1 Verwys na FIGUUR 1.1 wat lugbeweging wat met valleiklimate geassosieer word, toon. Pas die beskrywings hieronder by winde A en B. Skryf slegs die letter A of B langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.8 B.

1.1.1 Die lugbeweging wat met opwaartse vloei teen hellings geassosieer word

1.1.2 Lugbeweging wat snags voorkom

1.1.3 Lugbeweging as gevolg van die tempo van insolasie ontstaan

1.1.4 Lugbeweging wat grootliks lugbesoedeling op die valleibodem verminder

1.1.5 Lugbeweging wat met digte, swaar lug geassosieer word

1.1.6 Lugbeweging geassosieer met die vorming van ryp op die valleibodem

1.1.7 Die rigting van lugbeweging deur gravitasiekragte bepaal 7 x 1) (7)

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die kenmerk/beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Dreineringspatroon wat algemeen langs steil hellings van 'n rug of rif van heuwels voorkom | A | tralie |
| 1.2.2 | Dreineringspatroon wat gevind word in gebiede waar gletsers voorgekom het | B | dendrities |
| 1.2.3 | Die hoofstroom het reghoekige kronkels in hierdie dreineringspatroon | C | radiaal |
| 1.2.4 | Dreineringspatroon wat geassosieer word met strome wat na 'n sentrale laagliggende gebied vloei | D | reghoekig |
| 1.2.5 | Dreineringspatroon wat met 'n koepel-verskynsel geassosieer word | E | ontwrig |
| 1.2.6 | Dreineringspatroon wat in gebiede met afwisselende lae harde en sagte gesteentes ontstaan | F | antesedente |
| 1.2.7 | Dreineringpatroon wat gewoonlik uniformig is en sytakke wat teen skerphoeke bymekaarkom | G | sentripetaal |
| 1.2.8 | Die rivier is jonger as die onderliggende gesteentestruktuur waaroor dit vloei | H | geërfde |
| | | I | parallel |

(8 x 1) (8)

1.3 FIGUUR 1.3 toon 'n middelbreedtesikloon op 'n sinoptiese weerkaart van Suidelike Afrika.

1.3.1 Gee bewyse uit die diagram wat voorstel dat weerstelsel **A** 'n middelbreedtesikloon is. (1 x 1) (1)

1.3.2 Waarom ontstaan hierdie weerstelsel by die polêre front? (1 x 2) (2)

1.3.3 Gee 'n rede vir die beweegrigting van hierdie weerstelsel. (1 x 2) (2)

1.3.4 Waarom word die kouefront met uiterste weerstoestande geassosieer? (1 x 2) (2)

1.3.5 Verduidelik die ontstaan van die ontwikkelingstadium wat in FIGUUR 1.3 van die middelbreedtesikloon getoon word. (2 x 2) (4)

1.3.6 Waarom het die kouefront van die middelbreedtesikloon 'n positiewe impak op landbouaktiwiteite in die Wes-Kaap? (2 x 2) (4)

1.4 FIGUUR 1.4 toon die teenwoordigheid van 'n lyndonderstorm dwarsoor Suid-Afrika.

1.4.1 Ontvang die lyndonderstorm sy bron van vog vanaf oseaan **A** of **B**? (1 x 1) (1)

1.4.2 Waarom word koue, droë lug vanaf die Suid-Atlantiese Hoogdruksel ingevoer? (1 x 2) (2)

1.4.3 Verduidelik hoe die formasie van die vogfront by **C** lyndonderstorms tot gevolg het. (2 x 2) (4)

1.4.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die verwoestende (vernietigende) aard van lyndonderstorms. (4 x 2) (8)

1.5 FIGUUR 1.5 is 'n uittreksel oor deltas.

1.5.1 Waar vorm deltas? (1 x 1) (1)

1.5.2 Watter bewys in die uittreksel dui aan dat deltas digbevolk is? (1 x 1) (1)

1.5.3 Volgens die uittreksel, hoe versteur stede die natuurlike formasie van deltas? (1 x 1) (1)

1.5.4 Bespreek die belangrikheid daarvan om deltas te beskerm. (2 x 2) (4)

1.5.5 'n Onlangse omgewingsimpak-assessering het kommer oor die toekomstige volhoubaarheid van deltas uitgelig. In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel strategieë voor om gebiede soos deltas teen die negatiewe impak van menslike aktiwiteite te beskerm. (4 x 2) (8)

1.6 Verwys na FIGUUR 1.6 wat rivierverjonging toon.

1.6.1 Wat is *rivierverjonging*? (1 x 1) (1)

1.6.2 Watter fase (loop) van die rivier word in FIGUUR 1.6 geïllustreer? (1 x 1) (1)

1.6.3 Gee bewyse uit FIGUUR 1.6 om jou antwoord op VRAAG 1.6.2 te ondersteun. (1 x 1) (1)

1.6.4 Waarom is daar 'n toename in die tempo van erosie in die rivier na verjonging? (2 x 2) (4)

1.6.5 Identifiseer die veranderinge aan die volgende verskynsels nadat rivierverjonging plaasgevind het:

(a) Rivierkanaal (1 x 2) (2)

(b) Meander (Kronkel) (1 x 2) (2)

1.6.6 Bespreek die moontlike negatiewe impak van rivierverjonging op opgaardamme in die benedeloop ná die punt van verjonging (knakpunt). (2 x 2) (4)

**[75]**

## VRAAG 2

2.1 Verwys na FIGUUR 2.1 wat 'n hoog- en laagdruksel in die Suidelike Halfrond toon. Pas die stellings hieronder by die **hoogdruksel** of **laagdruksel**. Skryf jou antwoord langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.1.9 laagdruksel.

2.1.1 Word met stygende lug geassosieer

2.1.2 Lug divergeer op die oppervlak vanaf hierdie druksel

2.1.3 Word met die klokwaartse beweging van lug geassosieer

2.1.4 Onstabiele weerstoestande oor die binneland

2.1.5 Word met inwigging geassosieer

2.1.6 Word met swaar reën en hael geassosieer

2.1.7 Domineer die land in die winter

2.1.8 Bergwindtoestande ontwikkel wanneer dit met 'n kus-laag in wisselwerking kom (8 x 1) (8)

2.2 Kies 'n konsep/term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.2.8 I.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.2.1 | Gebied wat deur 'n rivier en sy sytakke gedreineer word | A | opvangsgebied |
| 2.2.2 | Hoogliggende gebied wat twee verskillende dreineringsbekkens skei | B | interfluviale rif |
| 2.2.3 | Beginpunt van 'n rivier | C | samevloeiing |
| 2.2.4 | Term wat die hoofstroom en sy sytakke beskryf | D | dreineringsbekken |
| 2.2.5 | Punt waar die rivier die see invloei | E | rivierstelsel |
| 2.2.6 | Verhoogde land wat strome in dieselfde dreineringsbekken skei | F | waterskeiding |
| 2.2.7 | Punt langs die rivier waar twee of meer strome ontmoet | G | rivieroorsprong |
| | | H | riviermond |

(7 x 1) (7)

2.3 Verwys na FIGUUR 2.3 wat die pad van 'n tropiese sikloon toon.

2.3.1 Gee 'n bewys dat hierdie tropiese sikloon in die Suidelike Halfrond is. (1 x 1) (1)

2.3.2 Waarom is die Mosambiek-kanaal gewoonlik ideaal vir die toename in temperatuur binne die tropiese sikloon? (1 x 2) (2)

2.3.3 Verduidelik hoe die intensiteit van die tropiese sikloon toegeneem het soos dit vanaf area **A** na area **B** beweeg het. (2 x 2) (4)

2.3.4 Bespreek die toestande wat kon veroorsaak het dat die sikloon verswak soos dit area **C** bereik het. (2 x 2) (4)

2.3.5 Evalueer die fisiese (natuurlike) negatiewe impak van tropiese siklone langs die kuslyn van Mosambiek. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na FIGUUR 2.4, 'n uittreksel op stedelike hitte-eilande gebaseer.

2.4.1 Definieer die konsep *stedelike hitte-eiland*. (1 x 1) (1)

2.4.2 Gee TWEE aanhalings uit die uittreksel wat voorstel dat swak beplanning vir die toename in temperatuur in stede verantwoordelik is. (2 x 1) (2)

2.4.3 Waarom is die hitte-eiland-effek snags meer gekonsentreerd? (2 x 2) (4)

2.4.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verskaf volhoubare groen strategieë, soos daar in die uittreksel na verwys word, wat die hitte-eiland-effek laat afneem. (4 x 2) (8)

2.5 Verwys na FIGUUR 2.5 wat stroomroof voorstel.

2.5.1 Definieer die konsep *stroomroof* soos in skets **B** getoon. (1 x 1) (1)

2.5.2 Identifiseer verskynsels **1** en **2** van stroomroof in skets **B**. (2 x 1) (2)

2.5.3 Wat kon veroorsaak het dat die rowerstroom deur die waterskeiding geërodeer het? (2 x 1) (2)

2.5.4 Verduidelik die proses wat die ontwikkeling van die verarmde stroom veroorsaak het. (2 x 2) (4)

2.5.5 Beskryf die veranderinge in die vloeikenmerke van die rowerstroom. (3 x 2) (6)

2.6 FIGUUR 2.6 toon 'n rivierprofiel.

2.6.1 Is die rivierprofiel in FIGUUR 2.6 gegradeer of ongegradeer? (1 x 1) (1)

2.6.2 Gee bewyse vir jou antwoord op VRAAG 2.6.1. (1 x 2) (2)

2.6.3 Waarom sal daar meer erosie as afsetting by **A** wees? (2 x 2) (4)

2.6.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die fluviale prosesse wat 'n rivier ondergaan om 'n gegradeerde profiel te bereik. (4 x 2) (8)

**[75]**


WESTERN CAPE

## AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE

## VRAAG 3

3.1 Verwys na FIGUUR 3.1 wat modelle van stedelike struktuur voorstel. Kies die korrekte antwoord uit die opsies wat tussen hakies gegee word om die stelling WAAR te maak. Skryf slegs jou antwoord langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 3.1.8 konsentriese-sone.

3.1.1 Die model wat grondgebruik toon, in wiggies gerangskik, staan as die (veelvoudige-kern/sektor)-model bekend.

3.1.2 In die (veelvoudige-kern/konsentriese-sone)-model is die SSK die fokuspunt waarom die stedelike gebied ontwikkel.

3.1.3 Industrieë en lae-kostebehuising ontwikkel langs hoofpaaie of spoorlyne in die (konsentriese-sone/sektor)-model.

3.1.4 Die (sektor/veelvoudige-kern)-model is die mees toepaslike model vir moderne stede.

3.1.5 Die (sektor/konsentriese-sone)-model neem nie ontwikkeling langs vervoerroetes in ag nie.

3.1.6 Stede wat verskeie fokuspunte het waarom stedelike ontwikkeling voorkom, is voorbeelde van die (konsentriese-sone/veelvoudige-kern)-model.

3.1.7 Die (sektor/veelvoudige-kern)-model vertoon kenmerke van die konsentriese-sone-model. (7 x 1) (7)

3.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.2.1 tot 3.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 3.2.9 D.

3.2.1 Die ekonomiese sektor wat met die verskaffing van vervoer geassosieer word, staan as die ... -sektor bekend.

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D kwaternêre

3.2.2 Die totale waarde van alle goedere en dienste wat in een jaar in 'n land geproduseer word, staan as die ... bekend.

A per kapita inkomste
B bruto binnelandse produk
C bruto nasionale produk
D bruto binnelandse inkomste

3.2.3 'n Voorbeeld van 'n ekonomiese aktiwiteit wat met die ontginning van grondstowwe te doen het, is ...

A vervoer.
B konstruksie.
C mynbou.
D navorsing.

3.2.4 'n Uitruil van goedere en dienste tussen lande staan as ... bekend.

A internasionale handel
B binnelandse handel
C buitelandse valuta
D handelsbalans

3.2.5 … verwys na goedere wat in die land ingebring word.

A Uitvoere
B Invoere
C Mark
D Handel

3.2.6 Die binnelandse mark staan ook as die ... mark bekend.

A streeks-
B buitelandse
C provinsiale
D tuis-

3.2.7 Inkomste wat deur middel van uitvoere deur 'n land verkry word, staan as .. bekend.

A per kapita inkomste
B buitelandse valuta
C uitvoer-georiënteerde industrieë
D uitvoer mark

3.2.8 'n Voorbeeld van 'n kwaternêre ekonomiese aktiwiteit is ...

A visvangs.
B skeepsbou.
C diensverskaffing.
D navorsing. (8 x 1) (8)

3.3 Verwys na FIGUUR 3.3, 'n grafiek oor landelike ontvolking.

3.3.1 Definieer die konsep van *landelike ontvolking*. (1 x 1) (1)

3.3.2 Bepaal die aantal mense wat in 2004 in landelike gebiede in Suid-Afrika gewoon het. (1 x 1) (1)

3.3.3 Toon die landelike bevolking 'n toename of 'n afname vanaf 2004 tot 2020? (1 x 1) (1)

3.3.4 Hoe sal hierdie neiging (die antwoord op VRAAG 3.3.3) 'n negatiewe impak op die lewenstandaard van die landelike bevolking hê? (2 x 2) (4)

3.3.5 Verduidelik TWEE sosiale faktore wat tot landelike ontvolking in Suid-Afrika bygedra het. (2 x 2) (4)

3.3.6 Stel TWEE volhoubare strategieë voor wat mense aanspoor om na landelike gebiede terug te keer. (2 x 2) (4)

3.4 Verwys na FIGUUR 3.4, 'n spotprent gebaseer op 'n stedelike kwessie oor vinnige verstedeliking.

3.4.1 Identifiseer die stedelike kwessie wat in die spotprent getoon word. (1 x 1) (1)

3.4.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 3.4.1 (1 x 2) (2)

3.4.3 Waarom is die stedelike kwessie in die spotprent algemeen in die meeste stede? (2 x 2) (4)

3.4.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die negatiewe impak van hierdie stedelike kwessie op motoriste. (4 x 2) (8)

3.5 Verwys na die uittreksel in FIGUUR 3.5 wat op beesboerdery in Suid-Afrika gebaseer is.

3.5.1 Identifiseer EEN probleem uit die uittreksel wat 'n uitdaging vir beesboere is. (1 x 1) (1)

3.5.2 Waarom, volgens die uittreksel, is die Bonsmara-beeste ideaal vir beesboerdery? (2 x 1) (2)

3.5.3 Stel TWEE maniere voor waarop die regering kleinskaalse beesboere kan ondersteun om beesvleisproduksie te verhoog. (2 x 2) (4)

3.5.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek hoe 'n toename in beesvleisproduksie tot voedselsekerheid in Suid-Afrika kan bydra. (4 x 2) (8)

3.6 Verwys na FIGUUR 3.6 en bestudeer die inligting oor die PWV(Gauteng)-nywerheidstreek.

3.6.1 Watter van die stedelike nedersettings in die PWV(Gauteng)-nywerheidstreek in FIGUUR 3.4 getoon, het as 'n goudmynbou-nedersetting begin? (1 x 1) (1)

3.6.2 Haal TWEE statistieke uit FIGUUR 3.6 aan wat aandui dat die PWV(Gauteng)-nywerheidstreek die ekonomiese hart van Suid-Afrika is. (2 x 1) (2)

3.6.3 Bespreek TWEE faktore wat die ontwikkeling van nywerhede in die PWV(Gauteng)-nywerheidstreek bevorder het. (2 x 2) (4)

3.6.4 Die PWV(Gauteng)-nywerheidstreek staar verskeie uitdagings in die gesig, insluitend hoë vlakke van werkloosheid en watertekorte.

(a) Waarom het waterverskaffing die ontwikkeling van die PWV(Gauteng)-nywerheidstreek verhinder? (1 x 2) (2)

(b) Hoe het die PWV(Gauteng)-nywerheidstreek die tekort aan water vir industrieë oorkom? (1 x 2) (2)

(c) Waarom staar die PWV(Gauteng)-nywerheidstreek uitdagings van werkloosheid in die gesig, alhoewel daar 'n hoë konsentrasie industrieë in hierdie nywerheidstreek is? (2 x 2) (4)

**[75]**

**VRAAG 4**

4.1 Verwys na FIGUUR 4.1 wat landelike nedersettingspatrone en -vorme voorstel. Kies die korrekte antwoord vanuit die opsies wat tussen hakies gegee word om die stelling WAAR te maak. Skryf slegs jou antwoord langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 4.1.9 verspreid.

4.1.1 'n (Verspreide/Kern-) nedersettingpatroon word met groot masjinerie geassosieer.

4.1.2 Die nedersettingpatroon wat meer gemeenskapsaktiwiteite aanspoor, is (kern/verspreid).

4.1.3 Die gebrek aan veiligheid en 'n toenemende kwesbaarheid tot misdaad kom oorwegend in (kern-/verspreide) nedersettingpatrone voor.

4.1.4 (Kern-/Verspreide) nedersettingpatrone word oor die algemeen geassosieer met land wat privaat besit word.

4.1.5 Die nedersetting wat by die kruisings van vervoerroetes ontwikkel, het 'n (lineêre/kruispad-) vorm.

4.1.6 (Sirkel/Lineêr)-vormige nedersettings ontwikkel om 'n fokuspunt.

4.1.7 'n (Sirkel/Lineêr)-vormige nedersetting vorm langs vervoerroetes.

4.1.8 Die nedersettingsvorm verantwoordelik vir die grootste toeganklikheid is 'n (lineêre/kruispad-) nedersetting. (8 x 1) (8)

4.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (4.2.1 tot 4.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 4.2.8 D.

4.2.1 ... is die stapelvoedsel van baie mense in Suid-Afrika.

A Vrugte
B Mielies
C Koring
D Beesvleis

4.2.2 Landbouaktiwiteite word met die ... ekonomiese sektor geassosieer.

A kwaternêre
B sekondêre
C tersiêre
D primêre

4.2.3 … is wanneer mense in 'n land toegang tot genoeg voedsame voedsel het.

A Voedselonsekerheid
B Wanvoeding
C Hongersnood
D Voedselsekerheid

4.2.4 'n Voordeel van geneties gemodifiseerde (GM) gewasse is dat dit ...

A minder voedingswaarde het.
B meer voedsel per hektaar produseer.
C 'n korter stoorperiode het.
D goedkoper is.

4.2.5 Monokultuur is 'n kenmerk van ... boerdery.

A kleinskaalse
B tradisionele
C grootskaalse
D bestaans-

4.2.6 Suikerrietboerdery word hoofsaaklik in ... beoefen.

A die Oos-Kaap
B die Wes-Kaap
C KwaZulu-Natal
D Noordwes

4.2.7 ... is faktore wat landbouproduksie in Suid-Afrika bevorder.

A Vloede en klimaatverandering
B Navorsing en klimaatverskille
C Misdaad en werkersonluste
D Wisselende pryse en bestaansboerdery (7 x 1) (7)

4.3 FIGUUR 4.3 toon ongebreidelde (onbeheerde) stedelike uitbreiding.

4.3.1 Definieer die konsep *ongebreidelde (onbeheerde) stedelike uitbreiding*. (1 x 1) (1)

4.3.2 Gee bewyse uit FIGUUR 4.3 wat voorstel dat ongebreidelde (onbeheerde) stedelike uitbreiding plaasvind. (1 x 2) (2)

4.3.3 Waarom vind plaaslike owerhede dit moeilik om ongebreidelde (onbeheerde) stedelike uitbreiding te beheer? (2 x 2) (4)

4.3.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die ongunstige omgewingstoestande wat deur ongebreidelde (onbeheerde) stedelike uitbreiding in die landelik-stedelike oorgangsone veroorsaak word. (4 x 2) (8)


WESTERN CAPE

4.4 Verwys na FIGUUR 4.4 wat op 'n stedelike omgewingsgeregtigheidskwessie gebaseer is.

4.4.1 Definieer die konsep *omgewingsongeregtigheid*. (1 x 1) (1)

4.4.2 Noem die omgewingsongeregtigheid sigbaar in FIGUUR 4.4. (1 x 1) (1)

4.4.3 Gee bewyse vanuit die foto om jou antwoord op VRAAG 4.4.2 te ondersteun. (1 x 1) (1)

4.4.4 Waarom word jou antwoord op VRAAG 4.4.2 as omgewingsongeregtigheid gesien? (2 x 2) (4)

4.4.5 Bespreek hoe die omgewingsongeregtigheid die plaaslike gemeenskap sal affekteer. (2 x 2) (4)

4.4.6 Verduidelik hoe plaaslike owerhede volhoubare oplossings kan ontwikkel om die impak van hierdie ongeregtigheidskwessie te beperk. (2 x 2) (4)

4.5 FIGUUR 4.5 is op strategieë vir nywerheidsontwikkeling: die Saldanhabaai nywerheidsontwikkelingsone (SBNOS) gebaseer.

4.5.1 Noem die nuwe plaaslike belegger in Saldanhabaai. (1 x 1) (1)

4.5.2 Wat sal die kernfunksie van die nuwe belegger in Saldanhabaai-NOS wees? (1 x 1) (1)

4.5.3 Verskaf die fisiese (natuurlike) faktor wat moontlik die nuwe belegger na die Saldanhabaai-NOS gelok het. (1 x 1) (1)

4.5.4 Bespreek hoe die nuwe beleggingsprojek in die Saldanhabaai-NOS 'n positiewe impak op die vervoerinfrastruktuur in die sone sal hê. (2 x 2) (4)

4.5.5 Hoe sal beleggings in die Saldanhabaai-NOS 'n impak hê op die mense wat in hierdie sone werk soek? (2 x 2) (4)

4.5.6 Stel voor watter sosiale verantwoordelikheidsinisiatiewe 'n nuwe beleggingsmaatskappy tot die plaaslike gemeenskap behoort te hê. (2 x 2) (4)

4.6 Verwys na FIGUUR 4.6 wat op die informele sektor gebaseer is.

4.6.1 Watter voorbeeld van informele handel word volgens die uittreksel in FIGUUR 4.6 uitgebeeld? (1 x 1) (1)

4.6.2 Hoeveel mense in Suid-Afrika is by die informele handelsektor betrokke? (1 x 1) (1)

4.6.3 Haal bewyse uit die uittreksel aan om te toon dat die informele sektor 'n veel makliker opsie is om werk te bekom. (1 x 1) (1)

4.6.4 Waarom word soveel vroue, volgens die uittreksel, in die informele sektor in diens geneem? (2 x 2) (4)

4.6.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die positiewe impak wat die informele sektor op die ekonomie van Suid-Afrika het. (4 x 2) (8)

**[75]**

**TOTAAL: 225**